




# Slawehandel

# Vraag na arbeid in die Nuwe wêreld











# Waarom ontstaan'n vraag na arbeid?

- Daar was groot tabak (waarvan sigarette gemaak word), rys, suiker en katoenplantasies (waarvan klere gemaak word) in die ooste van Amerika.
- Lande in Europa het hierdie produkte gesoek, veral Brittanje, wat Amerika as kolonie gedwing het om in die vraag te voorsien.
- Al hierdie tipe boerderye is arbeidsintensief (het baie arbeiders nodig om die werk te doen).

# Die Amerikaners probeer eers om:

- Die Indiane te gebruik om die arbeid te verrig, maar dit misluk en die meeste Indiane trek wes.
- Arbeid vanaf Europa in te bring, maar dit is baie duur en onsuksesvol.
- Slawe uit Europa kon ook nie in die bedompige warm tropiese klimaat aanpas nie en baie het gesterf. Alle oë draai na Afrika, waar slawe te koop was.

# Die oorsake (redes) van die Trans-Atlantiese slawehandel

- ‘n Groot vraag na arbeid in die Nuwe Wêreld.
- Oorspronklike Europese slawe kon nie in omstandighede aanpas nie en nuwe slawe is benodig
- Amerikaanse Indiane as arbeid het misluk.
- Mense het ‘n ekonomiese geleentheid gesien om geld te maak deur mense te ontvoer en te verkoop
- In Wes-Afrika het Islamietiese handelaars reeds slawe begin vang en onder mekaar begin verkoop. Die omstandighede was gereed vir grootskaalse handel.

# Opdrag

- Aktiwiteit 1 bl. 103 no. 1 en 2.  Jy moet ten minste 4 punte by elk noem.